Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 06 Feb 2019
Page: 6
AVE: 29267.95
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Sport

Tuks se waterpolo-kaptein, Blayne Spitholt, het die naweek Old Eds se verdedigers met sy aanvallende spel aan die raai gehou.

Tuks-waterpolo het plan om gloriejare te laat herleef

Wilhelm de Swardt

Tuks se waterpolospelers het net een doelwit dié seisoen en dit is om die klub se vroeëre gloriejare te laat herleef.

Gedurende die 1980's was Tuks een van die toonaangewendste klubs in die land, maar om verskeie redes het die sport stelselmatig begin taan. Dit het nie net by hulle gebeur nie. Die gewildheid van waterpolo het landwyd in so 'n mate afgeneem dat Tuks op die oomblik die enigste klub in Pretoria is waar senior spelers die geleentheid kry om aan toernooie deel te neem.

Een van die groot probleme by Tuks was dat daar vir 'n paar jaar geen afrigter vas aangestel is nie, maar dit het verander. Die afgelope naweek is aangekondig dat Rob Ambler voortaan die hoofafrigter is. Hy word bygestaan deur Jason Tunnel.

Ewe opwindend is dat daar reeds 40 manspelers en 20 vroue-spelers in Januarie by die klub aangesluit het. Dit sluit drie voormalige spelers van die Suid-Afrikaanse o.18-span in.

Tuks is een van net twee klubs in Gauteng waar lede in die Premierliga meeding. Tuks se mans was die afgelope naweek in aksie. Hulle het Old Eds met 16-12 geklop.

Norm Calmeyer (Tuks se spanbestuurder) bestempel dit as 'n opwindende wedstryd.

"Ek was beïndruk met die wyse hoe ons spelers vroeg daarin kon slaag om hul stempel af te druk. Ná die eerste kwart was ons met vier doele voor. Die fout wat ons dalk gemaak het, was om in die derde kwart 'n bietjie te eksperimenteer. Dit het Old Eds in staat gestel om die agterstand uit te wis. Gelukkig het ons spelers kopgehou en in die vierde kwart sake weer oorheers."

Tuks se kaptein, Blayne Spitholt, was briljant. As aanvallende senter was hy die generaal wat die een aanval ná die ander van stapel gestuur het. Dit het 'n paar keer gebeur dat hy die verdedigers lelik onkant betrap het en self vir doele geskiet het.

Uit pure desperaatheid het Old Eds hul verdediging so aangepas dat drie spelers net daarop gefokus het om Spitholt aan bande te lê. Dit het niks gehelp nie. Hy het die bal begin wyd speel.

> Tuks se kaptein, Blayne Spitholt, was briljant.

Luke Parlabean (Tuks se doelwagter) het beïndruk met sy aanvoeling vir die spel. Hy het gereeld Old Eds se aanvalsbewegings gefnuik. Sy aangeë was ook uit die boonste rakke. Bitter selde is enige onderskep.

Calmeyer is van mening dat Tuks se vrouespan gedug kan wees, want agt spelers wat al Suid-Afrika verteenwoordig het, oefen by die klub.

Tuks se kaptein, Palesa Hlela, was verlede jaar die doelwagter van die Suid-Afrikaanse span wat aan die Fina-wêreldbeker-toernooi in Soergoet, Rusland, deelgeneem het.

'n Hoogtepunt vir Tuks kan die Suid-Afrikaanse toernooi (Curriebeker) in Maart wees. Daar is besluit dat die spelers in klubverband moet deelneem. Tuks beplan om twee manspanne en een vrouespan in te skryf.

Luke Parlabean, Tuks se doelwagter, het met sy aanvoeling vir die spel beïndruk.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.